
AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL AFRIKAANSE HOËR MEISIESKOOL

# Stroom-op

DESEMBER 1976

# ADMINISTRATEURSBEKER!!



**LEES BINNE**


- Drakensberge – Bl. 2
- Mej. Affie – Bl. 4
- Spesiale plakfoto – Bl. 6
- Hou Koers – Bl. 8
- Sport Anale – Bl. 10


## AFFIES SE TENNIS-HELDINNE!

# KRUGERFEES

Op 8 Oktober 1976 het die Afrikaanse Hoër Seunskool en Afrikaanse Hoër Meisieskool bymekaar gekom om Krugerdag te herdenk. Nadat die seuns hulle plekke ingeneem het, het Mnr. Roesch, Mev. Boardman, Professor Marius Wieggers en Ds. De Wet van Waterkloofrand hulle plekke ingeneem.

Ds. De Wet het 'n treffende stuk uit die Bybel nl. Romeine 13:8-14, wat handel oor die liefde vir jou naaste, waaksaamheid en reinheid, gelees.

Net hierna verwelkom Mnr. Roesch almal teenwoordig en vertel ons 'n bietjie meer van die briljante man (en Affie daarby) Marius Wieggers. Hy is op 14 Oktober 1937 as oudste van 'n tweeling gebore. In 1954 matrikuleer hy aan die Afrikaanse Hoër Seunskool, met onderskeidings in al sy vakke. Hy gaan studeer op Tukkies en op die jeugdige ouderdom van 26 verwerf hy sy Doktorsgraad. Op 28 jarige leeftyd aanvaar hy 'n pos as Professor in Staatsreg aan Unisa.

En tog, as mens hom sien, sien jy hom as 'n nederige en beskeie man, 'n man waarop Affies trots kan wees, want as mens hom hoor dan tref die kalm en sagte manier van praat jou dadelik.

As inleiding vir sy toespraak het Prof. Wieggers 'n gedeelte van President Paul Kruger se toespraak voor die senaat geneem tydens sy 3de agtereenvolgende tydperk as President. Die gedeelte waar Pres. Kruger sy mede burgers smeek om die mense wat arm en honger is in hul nood by te staan. Die een groot ding wat Professor Wieggers by ons wou tuisbring is die steeds voortdurende armoede, nie net in ons eie land nie maar ook in die res van die wêreld, veral Afrika. Hy het ons daarop gewys dat 2/3 van die wêreld arm is, dat ons wat so baie het tussen die armes woon en dus is ons direk daarmee gemoeid. Hierdie armoede het 'n gevaar vir ons in- want iemand wat niks het nie gee nie om as iemand wat wel iets het dit verloor nie dus moet ons sorg dat die armes wel iets kry waarop hulle ook trots kan wees en waarop hulle ook aanspraak kan maak. Maar alhoewel ons ons bes probeer bly ons nog steeds die swartskaap in die wêreld. Dus sal ons nog harder moet werk en help om hierdie siening te kan verander. Ons moet net soos Paul Kruger armoede in 'n sekere perspektief sien – ons moet naamlik met die talente wat ons gekry het nuttig en positief gebruik.

Ons taak en ons roeping moet wees om die armoede in die derde wêreld te probeer ophef. As ons hulle uit hul armoede help kan ons hulle weer geloof en vertroue in die toekoms gee en dan kan ons saam bou aan 'n beter toekoms vir almal.

Na hierdie kort en kragtige toespraak (soos net Affies dit wil hê en 'n Affie dit kan doen) het mev. Boardman die bedankings waargeneem. Sy het die seuns en dogters vir hul aandag bedank, 'n bewys van die intensiteit waarmee hulle geluister het. Sy het namens ons almal dankie gesê nie, net vir sy toespraak nie, maar ook vir die moeite wat hy gedoen het om van Suid-Wes af te vlieg om ons te kom toespreek. Na die bedanking het Sakkie Visser se orkes die 2 skole begelei toe die eerste en laaste verse van die Volkslied gespeel is. En om alles te kroon het die Affies vroeër uitgekom om langnaweek te hou!

# KOM VOLGENDE KEER SAAM!!

**Hoekom?**
**Ons land is een van die min lande ter wêreld wat plekke soos die enige toeriste aantreklikhede soos kabelspore en hotelle bo-op die ten volle te geniet en te waardeer.**

Bergklim is 'n sportsoort vir die individualis. Dis net jy en die berg. Kompetisie is teen jouself. Beloning is om "bo" te kom en om te weet dit was uit eie toedoen! Fiksword is nie vir om "eerste" te wees nie, maar om in staat te wees om op die hoogste bergpiek te staan en God se wye skepping onder jou te sien.

Om 'n vriend te hê, is om saam met iemand die volheid van die lewe te ervaar, net soos wat jy en hy is – sonder oppervlakkige aansit. Teen 'n steil berghang uit, in 'n yskoue waterstroom, in die stilte van 'n Drakensbergnag, die intiemheid van 'n tentjie en tussendeur die grappies van 'n middagete in die son word ware vriendskappe gebore.

'n Stokperdjie of 'n skoolvak kan skielik nuwe betekenis kry. Die sterre en son dui rigting aan, erosie word 'n werklikheid; besoedeling 'n bedreiging. Die opstyg en daling van warm lug 'n hewige argument; die windrigting belangrik by die opslaan van 'n tent. Momentum, traagheid en snelheid 'n vraagstuk teen 'n bult op.

Madame Zizi se sjarmeklasse is vergete en elke ou is soos wat hy is. As iemand nou nog tyd het vir 'n grappie en kan lag – veral vir homself, 'n sewejaartjie langs die paadjie kan bewonder – al tap die sweet; 'n siek maat teen 'n bult kan ophelp, dan is hy besig om vir ander te wys wat sy ware lewensbeskouing is.

'n Week se was in water onder vriespunt, slaap op 'n harde vloer, eet uit 'n vuil bord en geen skuiling teen die natuur se elemente nie, veroorsaak dat 'n mens jou huis weer waardeer. Skielik besef jy dat ma se kos lekker is, 'n warm bad 'n luuksheid is en dat jy daarvoor moet dankie sê.

So kom gerus volgende keer saam.

**PRETTY PLUS BOUTIQUE**
SHOP 92, KINGSLEY'S– MARKADE
TEL. 44-9142

- SPECIAL DISCOUNT FOR STUDENTS
- DRESSES FOR XMAS PARTIES




# DRAKENSBERGTOER '76

'n Rugsak, 'n slaapsak en Mevrou De Vos,
'n Bus, 'n waterbottel en Tarzan kos;
Mevrou Prinsloo en Mevrou Van Graan
En 1976 se Drakensbergtoer is aan!

Ons klim in die bus
Met die doel om vir oulaas te rùs
Maar Mariska se Checkersak vol neute
laat sy gou-gou almal beet hê
En wie kan nou aan die slaap raak tussen so 'n gekou en gekraak

By die kampplek aangekom
Het jy die omgewing 'n bietjie opgesom
En die aand om die vuur
Het jy maar die berge so nou en dan begluur
En voor jou oë toegeval het van die vaak
het jy nog vir oulaas gedink; Sal èk dit ook maak?

Sondag oggend se ontbyt
Is Engelse pap alias "Corn Flakes"
En met 'n bietjie melk sluk en hap
Jy dit weg vir die wagtende stap!

'n Boodskap vir die dag word gelees
En waar kan jy nader aan jou Skepper wees
As juis hier
In die vrye, ongerepte natuur!

Dit klim en dit klouter
– elke spier word tot snare gelouter!
Jy hou jou lyf bobbejaan se moses;
Maar kom agter dat jou voete gou voos is!

Jy klim die Rooi- en die Witdood
– jou arme bene voel soos lood!
Maar jy kom darem bo met 'n glucose of twee
– net Mevrou Prinsloo verlang na 'n Coke en kafee

By Breakfast Pool
Het ons almal 'n bietjie afgekoel
En ou Wendy gaan toe terug
Terwyl ons maar net verlangend sug!

Middagete bestaan uit rogbrood
Want Mevrou Prinsloo sê dit maak mens groot
Alhoewel dit te betwyfel is
Want van lèngte weet sỳ beslis niks!

Dus, met magies gevul
En Gene en Bertus se gebrul
Het jy maar weer jou rugsakkie opgeneem
Al wou jy nog 'n bietjie agteroor leun!

Onder Grey's pas word daar nes geskrop
En ou Gene en Bertus se kos is 'n flop
Want hul spagetti a la peri peri
Gee jou smaakpapille op hulle herrie!

Francette kry toe seer
En om haar trane te keer
Speel Mevrou Prinsloo Florence Nitingale
Maar gòù was dit egter sỳ wat huil;
Want vra maar vir haar
Hoe sy daar
'n Rots wou verskuif
En toe 'n toon opgedoen het met die kleur van 'n druif!

By Grey's pas op sien Mevrou Prinsloo
Natuurlik ook haar eerste Waterloo
En die arme Mevrou Van Graan
Kom ook maar stàààdig hèèèlagter aan!

G'n wonder Bertus het amper van frustrasie gegrens
En so onderlangs gewens
Dat hy 'n bottel Terpentyn had
Om diè agterstappers 'n bietjie in eerste rat
Die berg op te laat wiel
Met, helaas, niemand naby hul hiel!

Diè aand in die grot vang Mevrou Van Graan toe gees
Tydens ons taamlike primitiewe middernagfees;
En met haar idiote hoed
Hou sy haar vòl moed:
– Ai, wat 'n bloubottel tog nie kan doen
As mens so ver is van Olla en Coen!

Maar nòg bly die slaap 'n wondersoete ding
– oftewel klippe en koue wat deur jou bly dring!
Buitendien, wie kan nou slaap so opgedruk
Soos 'n spul sardientjies in 'n blik!
Toe kry Elsabè ook nog maaggriep

En Gene moet maar weer propeller pille opdiep
Want met dit in jou maag
Kan jy ènige siekte verjaag!

By Leslie pas af
Is jy baie taf
Maar gou begin jou kniekoppe meegee
En moet jy net sweet af vee
Maar onder kom jy wel
– met of sonder vel!

Ammie en Sonja dink hul's Mark Spitz
En duik toe so ewe vrolik en fiks
In die rivier
– maar heng!, tòè hol hulle darem vir daai vuur!

Maar o! die laaste dag se koue en reën
Wat dring deur murg en been
En terwyl die water van jou tap
Moet jy sowaar 32 kilometer stap!

Jy kla en jy kerm
Maar niemand sal hom oor jou ontferm
Want elkeen probeer net hom self te behou
Deur lustig aan sy Tarzan-blokkie te kou!

By die kampplek aangekom
Het almal voor die badkamers saamgedrom
– Die gemoedere loop hoog
En naasterlik soek jy na iets droog
En na 'n kòkende stort
Is ons toe vort:
Elk snoesig en warm op die bus bank
net jammer Elsabè se voete het oor die leuning gerank
Want dan hou mens se neus dit nie lank!

Toe is die bus ook nog so oulik om vas te val
En 'n taamlike koulike groepie gooi net wal
En lig die bus uit die gat
– met die gevolg: Van vòòraf weer nat!

En so, met elkeen in sy element(?)
Kom die Drakensbergtoer tot 'n end
En was dit nie 'n fees!
(Maar dit is darem lekker om weer by die huis te wees!)

# KUNSUITSTALLING '76

**Vanjaar was voorwaar 'n jaar vol nuwighede en hopelik blywende instellings. Een hiervan was ons kunsuitstalling – wat bowenal ook nog 'n groot sukses was!**

Werk van st. 6 - 10 leerlinge is uitgestal. Daar was alles en nog wat – dakontwerpe, plakkate, figuurstudies, tekstiel drukwerk en stillewes was volop. Miemie van der Walt het die houtsneeafdeling oorheers terwyl Heloïse die enigste pottebakster was om haar ware hier uit te stal.

Die uitstalling is op die 12de Oktober om 18h30 amptelik geopen deur mev. L. Maree. Sy het in haar toespraak 'n baie duidelike uiteensetting gemaak v.d. verskillende kunsvorme en die faktore wat kunstenaars inspireer om sekere rigtings te volg en hulself dan op dieselfde wyses uit te druk.

Na die amptelike opening is die uitstalling nog redelik druk deur die publiek en ander Affies besoek.

Baie geluk aan almal wat hard gewerk het aan die poging – mag julle van krag tot krag gaan!

**Libby 10E**

# SABIE LANDLOOP

Vrydag 10 September om 12 uur het 13 landlopers en 1 onderwyser vertrek na Sabie om deel te neem aan die Panorama-padaflos. Die gees in die bus het toegeneem hoe nader ons aan Sabie gekom het. Met Koos van Niekerk en Chris Slabbert kon dit nie anders nie!

By ons aankoms op Sabie is ons na die skoolreisdienstuiste waar ons sou slaap en nadat ons ons bagasie toegesluit het in die kamer het ons gaan eet by 'n kafee. Nadat ons ons mae gevoed het het ons die dorp besoek en toe besluit om die enigste bioskoop op die dorp te besoek. Na die tyd was ons rustig en gemotiveerd vir die stryd wat voorlê.

Die volgende ogend na 'n goeie ontbyt in die plaaslike kafee het ons ons nommers ontvang en vertrek na Graskop waar die wedloop sou begin. Rudolph Pretorius het die eerste been gehardloop en teen strawwe mededinging van 18 spanne het hy 7de geëindig. Johan Enslin wat die B span verteenwoordig het, het 13de geëindig. Paal het die 2de been opgeskuif tot 3de plek en Skrikkies het opgeskuif na 10de plek vir die B span. Rudolph Botha het by Paal oorgeneem en Affies se posisie behou terwyl Diets die B span se posisie nog meer verbeter het. Slabs het 'n bietjie probleme ondervind en die A span skuif op na vierde posisie terwyl Pierre Marais 'n verbete stryd gevoer het met Ben Viljoen se meisie span en oorwin het. Hennie van Staden het Affies weer in die derde posisie geplaas en die voorsprong vergroot. John Field het die B span se voorsprong vergroot. Koos van Niekerk probeer sy bes om die span voor hom in te haal maar hy kan dit net net nie reg kry nie en Affies se A span eindig 3de. Pine Pienaar hardloop goed en weer 'n aanslag van Sabie se B span af en eindig 11de. As in ag geneem word dat die B span uit 5 juniors en 1 senior bestaan het en teen ander oop spanne meegeding het is dit 'n puik prestasie.

Na middagete in die dorpskafee het ons gaan stort en vertrek na die besienswaardighede in die omgewing. Ons het die "Horseshoe Falls" en "Gods Window" besoek. By die Mac-Mac Pools het ons geswem en het Hennie van Staden uitgevind dat sy atletiekbroekie deurskynend word as dit nat word, tot sy groot ontnugtering! Na al ons besoeke het ons vertrek na die "Draaikolk poele" en daarna het ons by die Blyderivier vakansieoord gaan eet en na ete vertrek. Naby Orighstad het ons 'n padaflos gehou wat feestelik was en het ons almal moeg vertrek terug na Pretoria.

By Machadodorp het ons die "Wimpy" nog oop gekry en het elkeen vir hom 'n halwe brood en 'n liter koeldrank gekoop en het ons weer verder gery na Pretoria. Ons het ongeveer 1:00 vm in Pretoria gearriveer Sondagoggend.

Dit was 'n baie lekker uitstappie en graag sal ek net namens die groep aan Mnr. van Schalkwyk baie dankie sê vir 'n puik naweek. Ons waardeer dit baie.

**Paal Fourie**
**Landloopkaptein**

# BRIEFIE

Ons plaas die volgende briefie wat 'n St. 10-leerling ontvang het van 'n medeklasmaat, nadat eersgenoemde gewaag het om in die Wiskundeklas te vra dat die bord omgedraai word, sodat 'n voorbeeld afgeskryf kan word:


(Name is verander om onskuldige betrokkenes te beskerm)

Liewe Susara,

Baie hartlik geluk dat jy gevra het om die swartbord om te draai. Dit was baie dapper van jou. Saam sal ek en jy die wêreld kan verander. Hou so aan. Nogmaals baie dankie.

Jou vriendin
Wilhelmina

# Affiena skryf eksamen



'n Palmiet uur
–kwartshart –
– 'n verlore vuur –
– goue smart.

**10A SEGOED**

**Mej. Swart:** "Jy sal vinniger uit die klas waai as wat julle in gekom het".
**Sanetta:** "O, my swak hart".
**Rika:** "Dit was salig, dit was meesterlik!?"
**Marile:** "Dee, dee, dee ...., jou poeier"
**Anita:** "Ek lees 'n Mills and Boone, en wat daarvan?"
**Marie:** "Juffrou, wat dink juffrou van ....?"
**Sandra:** "Um, um, hoe sal ek nou sê ....?"
**Susan:** "LEKker verjaar, ou maat, Lekker verjaar!"
**Ronél:** "Hoor hier julle, ek soek vyf om my te help koeldrank dra"
**Vissie:** "Ek bak nie weer "chocolate" koek nie"
**Marina:** "Dit was feeste! Ek het my gebreek!"
**Elna W:** O maggies, kan jy al die algebra doen?"
**Reneé:** "Ek haat my hare soos dit nou is"
**Cecilia:** "Nee, nie vir my nie dankie, nee rêrig nie!"
**Theresa:** "Dis nie 'n vuil grap nie, hoor!"
**Ria:** "Joe jong. Hy't 'n jaar in Bloemfontein geswot, en ...."
**Liezel:** "Weet jy! Dis tog so ironies"
**Barbara:** "Ek kan dit nie doen nie, laat ek joune doen"
**Elna de B:** "Bly tog nou asseblief stil!"
**Marianne:** "Ek het uiteindelik geleer hoe om die trekker af te sit"
**Carina:** "3 kg sal genoeg wees, maar ek sal 4 kg bring"
**Riekie:** "OJaaaa. Maak my asseblief wakker as (?) vir my kyk"
**Liezie:** "That's sooo nice. That's sort of funny"
**Petro:** "Jou piesang ...."
**Elise:** "Ek is nou soooo verlief"
**Marleen:** "Hi fan. Kom ons kyk wie's die bruinste"
**Lynne:** "Ek weet NIKS, ek het nie 'n boek oopgemaak nie"
**Wilna:** "Siende dat ek self 'n Suid-wester is . . ."
**Ann:** "Ek vat dit huistoe vir my sussies. Dit ruik lekker"

**AR²**

**Katastrofe!?**

Ek weet mens giggel nie in die kerk
my ma het my goed geleer
maar regtigwaar, na so 'n skok
kon ek myself nie keer.

Die dominee was hoogs gesteurd
my pa was sommer boos
my moeder het haar so vererg
en bloed bloedrooi gebloos.

Dit alles was jou skuld my vriend:
Jou dierbare seuntjie "smile"
waaroor ek heelnag slaaploos was
was net "across the isle"!!

**Susara St. 10**

# WOORDEWISSELING!

**Opgedra aan alle jong verliefde Affies**

**Dis verkeerd om te dink dat die mense wat mekaar die beste verstaan die minste baklei. Baklei is 'n gesonde teken en dis 'n manier van kommunikasie. MAAR: alle tipes woordewisseling is nie aan te bevele nie. Hier volg 'n paar rigtingwysers:**

**Reël 1:**
Kies jou slagveld goed – moenie die stryd aanknoop op 'n terrein wat nie aan jou bekend is nie. Moet ook nie oor vae dinge stry nie, dit bring jou nêrens en mors net jou tyd.

**Reël 2:**
As jy die moed het om te begin, moenie in die middel ophou nie. Trane is 'n teken van swakheid. 'n Woordewisseling sonder 'n eindpunt lei tot nuwe argumente of 'n vootsetting daarvan op 'n later stadium.

**Reël 3:**
Om 'n spektakel vir ander te wees is verbode. Moet dus nie op straat, in die openbaar of voor jou vriende stry nie. In so 'n geval is 'n mens nie rasioneel nie, maar wil jy slegs jouself reg bewys.

**Reël 4:**
Stilte is nie baie aangenaam nie – dit frustreer die ander persoon. Dis 'n swak vorm van geweld, dus: moet dit **nie** gebruik nie.

**Reël 5:**
Laastens, moet nie altyd dieselfde deuntjie sing nie. Dis geweldig irriterend om 100 maal te hoor: "Jy loop te vinnig" of "jy wil nooit saam met my rugby toe gaan nie" of "jy hou nooit van dit wat ek koop nie".

As jy jou "teenstander" verras is jy in die beste posisie om te wen. Byvoorbeeld:

**Hy:** Jy is ....
**Sy:** Ja ek weet, jy sê dit 3 maal per dag vir my!
**HY:** Maar luister nou!
**Sy:** Nee, ek weet presies wat jy alweer gaan sê: "Jy kla gedurig jy is vet maar hoekom hou jy nie op met sjokolade eet nie"
**HY:** Ag regtig, as jy net wil luister as ek vir jou sê jy is die een uit 'n duisend!

**Susara van Blerk 10E**

# DIS HEERLIKE LENTE!!

**Lentedag en blomme – die woorde is sinoniem!**
**Op die 25ste September 1976 is daar weer eens Lentedag gevier in die Afrikaanse Hoër Meisieskool. Diè feestelike dag is egter voorafgegaan deur 'n heerlike verrassing: Seunshoër se matrieks steek vir Meisieshoër se matrieks ruikertjies aan!**

Aan al die ous wat so vriendelik was wil ons 'n verskriklike groot dankie sê – julle ou "gras-hartjies" het ons "koringblommetjie-hartjies" sommer warm en vrolik gemaak vir die lentemaande wat voorlê!! Ook vir die groot ruiker wat julle gestuur het: dit sal nie vergeet word nie.

Om voort te gaan na die 25ste: die elemente het pragtig saamgewerk om 'n volmaakte dag voort te bring. Vroeg reeds het die prefekte ruikertjies ingesamel wat deur die getroue Affies gemaak is. Ek wens 'n ieder en 'n elk kon die gesig in kamer 50 sien: dit was net blomme, blomme en nogmaals blomme! Die allerpragtigste ruikertjies is op skinkborde geplaas en later in die dag na 4 ouetehuise in ons skool se omgewing geneem. Aan juf. Basson en mev. Nel wat teen tyd gewerk het om die groot ruikers vir die ouetehuise klaar te kry, wil ons 'n groot dankie sê.

Teen omtrent 10h00 het 'n groot groep dogters vertrek na Huis H.J. Piek; Harmonie-hof; Magdel Postimus tehuis en Nebo-hof. Daar het hulle vir die bejaardes gesing en ruikers aangesteek.

Intussen het die res van die skool allerhande vrolikhede in die saal aanskou: 'n paar splinternuwe musiekmakers is in die kalklig geplaas. Wie sal nou ooit Elna Delport se "Three legged ...?" vergeet, of Elma Gelliers se pragtige sopraanstem? Maar ons wil nie uitsonderings maak nie: alles was pragtig en 'n groot dankie gaan aan Hildy, Libby en Joanie wat dit vir ons gereël het.

Daarna die hoogtepunt van die dag (veral vir 'n paar) matrieks: ons besoek ons broers oorkant die straat om hulle pragtige gebaar te beantwoord.

Die hele dag was een fees en aan elke Affiena wat 'n blommetjie of ruikertjie gebring het: nogmaals baie dankie vir die pragtige samewerking! Aan juf. Holtzhausen wat die dag moontlik gemaak het: dankie juffrou, en ons hoop hierdie pragtige gewoonte sal nog tradisie word in Affies!

**Susara van Blerk St. 10E**

# GERMANICUS EN AFFIES

**Mev. Dorey:** "En môre sal hulle almal voor my kruip en vriendelik wees". "Daar't woede losgebars, daar was geen keer aan nie".
**Mej. Hönck:** "'n Mens moet modderig wees as jy wil mens wees".
**Mej. Bouer:** "En weer word daar geskreeu van "Trek na Rome" ".
**Mev. van Graan:** "Maar'k voel so fris. Ek wens ons kon vannag al onder die môresterre uitgetrek het".
**Mej. Bothma:** "Jy moes gerus het. En EK moes jou laat rus het".
**Mev. Pienaar:** "Ek wens ek kon jou stil maak, stil en rustig".
**Mev. de Vos:** "Maar als is ingewikkeld; en die denk sit knoop aan knoop gekoek".
**Mev. Hartman:** "Wie's al die mense? Duisend-en-een kop en almal op een na was veels te stadig die dag toe harsings uitgedeel is".
**Skool:** "Dit swerm hier van wilde donker Gode".
**'n Affie:** "Sy't reg geraai". "Ek sal nie dink maar sterf".
**Mej. Steyn:** "Hy is die tier en ek die tier se wyfie: ons draf saam".
**Mev. de Wet:** "Caesar, ek gaan!".
**Mev. Bierman:** "Julle praat van sterre .... Het jy weer oor jou wiggelary gepraat?"
**Mej. Swart:** "Ek wou verduidelik wat ek glo wat waar is"
**Mev. van den Heever:** "Hier praat ons vrv. en die wat wil, kan hoor."
**Mej. Holtzhausen:** (i.v.m. "J. Caesar") "Was hy weer wild? Waar't jy hom laas gesien? Hy moet gehaal word"

# SPREKERS IN DIE SAAL

**Die afgelope termyn was ons bevoorreg om twee "Oud-Affies" as sprekers in ons sal te hê.**

Almal onthou Francios Odendal ons Hoofseun van 1975 baie goed en was baie bly om hom by Affies terug te verwelkom al was dit net vir 'n rukkie. Francios het hom intussen by die Universiteit van Natal ingegrawe waar hy besig is met groot werk, terwille van die Afrikaner-saak. Ons wens hom sterkte en alle sukses toe vir die toekoms.

Ons was ook bevoorreg gewees om ons vorige hoof Mnr. J.D.V. Terblanche terug te verwelkom by Affies as spreker. Mnr. Terblanche is intussen bevorder vanaf Inspekteur van Onderwys tot Rektor van die Pretoriase Onderwys Kollege. Mnr. Terblanche het met die Affies gepraat soos slegs hy alleen met hulle kan praat en dit was ook nie lank nie of almal se harte het sommer warm geklop toe ons weereens besef het hoe bevoorreg ons werklik is om aan 'n skool soos Affies te kan behoort. Aan die twee oud-Affies nogmaals baie dankie vir die moeite wat hulle gedoen het om met ons te kom praat.

*B.J. FERREIRA APTEEK*

*Vir vriendelike en flinke diens gewaarborg!*

*Kom koop u spesiale geskenkie by ons.*

**KINGSLEY'S**
**Tel. 424605**

# ONNIES SE DINGE!!

**Mej. Swart:** "Sit maar ou vrouens. Ou vrouens, julle moet nie dink julle gaan enige simpatie van my kry as julle histeries raak in die eksamen nie".
**Mev. Dorey:** "Jy's laat. Jou TRRRUT van 'n kind. Toe, toe, toe jy mors my tyd".
**Mev. van den Heever:** "Ek is nou nie bygelowig nie, maar Vrydag die 13de .... nè.
Niks vir niks en bitter min vir 'n sikspens .... nè!
**Mev. de Vos:** "Haai daar's 'n blommetjie – 'n liedjie. O, wee daar val die proefbuis se bodem uit, maar die eksperiment het dan gister gewerk".
**Mev. Senekal:** "Okey, julle kan 'n minuut, maar net 'n minuut rus. En dis nie nou kaffersielkunde nie".
**Mev. Burger:** "Haai regtig waar mense ...."
**Juf. Hönck:** "The mud is Moving"
**Juf. Bouwer: "My most humble apologies".**
**Mej. Müller:** "Wat maaaaak julle daar op die gras. Julle is nog lank nie koningskinders nie".
**Mev. Schoeman:** Haai!!".
**Mev. van Graan:** "Op jou agterpootjies".
**Mej. Steyn:** "Zu liebe Zeit".
**Mev. Boardman:** "Sal ons verder lees of raak julle dalk te ongemaklik?"
**Mej. Bothma:** "Parratjies, vandag swem ons en ek kan maar 'n draak wees as ek die dag lus is".

**Standerd Tien Anoniem**


# MY GEBED

Here, U ken my hart,
U weet van al die liefde,
van al die smart ....
Here, help my om deur gebed
U weë te bewandel
en op U paaie te let
Here, hou U hand
van liefde en beskerming
uitgestrek oor ons land
Here, gee ons krag
en onderskraag ons
sodat ons met alle mag
U gebooie sal onderhou.
Here, en waar ons vandag
ons tyd deur werk sal laat beslag
wees ons naby.
Help ons om vriend
en vyand lief te kry!
Dankie dat U tot hier met ons was;
Ons pad met blomme versier het.
Baie dankie vir kos en klere
wat ons van U ontvang
menige der menige kere.

Amen
**Natali**



**„Gaan Barclays ons soos kinders behandel?"**



Jou skooldae is amper verby.
Wat dan? Universiteit, 'n loopbaan?
As jy dit oorweeg om verder te gaan studeer, gaan jy dalk geld nodig hê. Barclays bied studente laekoste-lenings.
As jy direk gaan begin werk, sal ons graag met jou wil gesels oor die beste manier waarop jy jou geldsake kan hanteer.
'n Barclays-spaarrekening lewer goeie rente; 'n tjekrekening maak die lewe vir jou makliker.
En wanneer jy met ons kom gesels, sal ons jou sommer ook vertel van die loopbaanmoontlikhede by Barclays self.
Besoek gerus jou plaaslike tak – as jy volwasse wil wees oor geld.
(Geregistreerde Handelsbank)

Professionele hulp bly steeds die beste.
BARCLAYS

2591/3/A

**Ondersteun die Kreupelsorgvereniging**

# DIE GLORIE VAN 10D

| | |
|---|---|
| J. DU PLOOY | - PINK PANTHER |
| JOHANNA ACKERMAN | - DIE REBEL |
| MARIE-LOUISE BEETON | - END OF THE GAME |
| ANNA BOTHA | - LUCKY LADY |
| LENORè BREYTENBACH | -EASY RIDER |
| CARLA CAPELLO | - THE HIDING PLACE |
| MONIQUE DE LANGE | - NOT NOW DARLING |
| DALEEN DU PLOOY | - THE MAN WITH THE GOLDEN GUN |
| MARIE-LOUISE EVANS | |
| BRENDA JOUBER | - W |
| CHRISTINA KACHELOFFER | - THE WAY WE WERE |
| LOUISE KEYSER | - SUGARLAND EXPRESS |
| MONIQUE LOHLE | - LOVZ STORY |
| ANNELISE MENTZ | - SHAMPOO |
| SANDRA NIEWOUD | - LIFEGUARD |
| MATTIE PRETORIUS | - BENJIE |
| HEIDI PRINSLOO | - LAST DETAIL |
| COSETTE RHOODIE | - SUNSHINE |
| HELENA STEENKAMP | - MAHOGNY |
| MARINDA STEYN | - SOME LIKE IT HOT |
| BEAULAIN TERBLANCHE | - ONCE IS NOT ENOUGH |
| ELSA VAN WYK | - SPANISH FLY |
| ANNATJIE VAN ZYL | - REBEL WITHOUR CAUSE |
| MARIECHEN VON WIELLICH | - THE HEARTBREAK KID |
| | - SWEET LADY |
| ISABEL DE VOS | - ALL THE WAY BOYS |
| GERDA WEIDEMAN | - VERGEET MY NIE |
| SANTIE WOLMERANS | - SNIP EN RISSIEPIT |

# AFSKEID

Die jaar spoel al laer teen my voete aan; die dae nou stil en warm soos klippies in my hand. Ek voel verwonderd die afskeid in my groei, swaar en pynlik; en ek wens ek kon die trane uit my oë vryf soos vroeër; met argelose vuis al die nie-verstaan en wil-nie-weet wegvee ....

My gedagtes is voëls wat ronddraai in my hart, draai en wentel soos oor aas .... en ek maak my los en voel dit bloei en bloei, iewers waar ek 'n laaste bietjie Kind gebêre het.

Alles is nou nog veilig en warm soos in 'n moederskoot maar môre vat die lewe my .... en ek wat koue haat sal self hard en geslote moet word want die lewe, is blind ....

**Lianda Beyers – 10E**

# LETTERKUNDIGE PRESTASIE

**Aand: Nederlandse kamp in Noord-Transvaal naby die huidige A.H.S. en A.H.M. Tente op die agtergrond.**

Die soldate praat by die vure oor die dag se geveg. Byeen vuur dans Ferdinand en Wynand met Aggrippina en Livia op die muzik van Valentijn, terwyl Speelman sy nuwe klere in die tent aanpas. Speelman: "dat ik met marokijn leer geschoeïd zou door wardelen, waar ik mijn blauwzijden vest en mijn mantel van duur Hollands lakent in de spiegel van een vijer zou bezien: krijgsroem, de oorlog en veldslagen".

Germanicus is nog in die war want sy Ouboet Piso is die middag in 'n Rebellie met die Germane met 'n pyl en boog geskiet. Germanicus: "Hy probeer onthou. Hoelank het Piso se verminkte kop in sy hande gelê. Piso langs langs hom. Piso beduie dat hulle moet plekke ruil. Piso! Die naelstring is verkeerd gesny .... Hoe het jy gesê? Iemand het verkeerd gesny – ons geslag is te gou van die moer losgesny .... Ons is nie klaar gebore vir ons in die lewe gelos is nie. Sy bene wil weg van sy liggaam af. Die naarheid sit in sy knieë.

By 'n ander tent is Thusnelda, die vrou van Diederik besig om haar plan van vergiftiging met Mev. de Soubise, die vrou van Felix Kriel te bespreek. Thusnelda: "Als je menzen wilt na de dood helpen, moet er altijd een plek zijn, waar je ze bijkunt aanvatten, zoals je een katje bijzijn nekvel pakt." Mev. de Soubiese moet die gifdrankie by die dokter kry en vir Wynand ingee.

Felix Kriel, die vuil dier het die mynwerkersstaking gereël gehad. Sy grootste kopseer was Diederik wat moes kies; "of ons sal staak (heers)" Diederik daag by Felix op en sê vir hom: "Sat, sat is ek tot barstens toe: hierdie land – die een moeras, riet en wit paddatjies .... (moeras paddatjies) wat in die kloaak van die ryk (T.O.D.) staak (heers). Ek vra u hier: neem van my weg die swaar las van moet staak (heers) ek wil net mens wees. Felix: "Wil jy wyn drink of wil jy nugter bly? Hoor hier. Waar almal dronk is, self wil nugter bly .... dit word die waar???. en kuis wees, my Germanicus – eenvrou se man, in hierdie mal stad. Ek waarsku jou my seun".

Op hulle reis na Rome dwaal Wynand en Speelman af in 'n bos en vang 5 soldate hulle en stop hulle toe ook sommer in die tronk. Wynand: "Wat is ek ouboet? Speelman: "en ik eis van je de biersoep, als de pap" Wynand: "Ek eis ook brood." Die Sipier was naderhand raad op en gee vir hulle artappels. Wynand: "Piso se artappel ... in sy graf, Miskien weet die aartappel iets van Piso af ... Hy kyk in die spieël. Iewers skort daar iets. Wie se oë kyk na hom? Dis ou dooie oë, geleende oë. Eenmaal was ek jy. Die krop agter s sy nek groei, dinge kriewel weer onder sy vel, hy word naar. Mev. de Soubise daag toe ook by die tronk op met die gifdrankie en gee dit vir Wynand in. "Wynand se lyf trek inmekaar knieë teen bors. Lê soos 'n vrug in die baarmoeder. Help my .... Waar is ek begrawe? Iemand het my lyf buite laat lê. Hy krap op die vloer (grond) Hy smag om te kan onthou. Daar is 'n wolk. Die aarde drink hom leeg. Daar is 'n vae wete van kalmtheid tussenbors en vloer (grond), iewers waar sy kop .... Die son styg, struikel – kyk en stryk aan. "Hy is al by die ander Caesar" sê die dokter.

Na hierdie "distel in een bloemruiker" vertrek al die mense met "de Marianne Pierrette" na die plaas waar Wynand en Piso geleef het asof die wêreld om hulle melaats is al met die Vaalrivier langs. Die bootreis was nie so suksesvol nie en hulle word deur Prospero sy goeie gees Ariel geskaak. "De bemanning bestaande uit: Diederik en sijn vrouen Theunelda, de Sesde soldaat en sijn vrouen Aggripina, Felix Kriel en sijn vrouen Mev. de Soubise, de anderen wast geweest Livia, Ferdinand, Valenijn en Speelman. By die aankoms voor Prospero se sel was dit liefde met eerste oogopslag. Livia en Prospero besluit om te trou, die troukoors het by hierdie tyd al so hoog geloop dat Speelman en Miranda verloof raak. Ciliban. Ferdinand, Valentijn en Ariel het toe op reis gegaan waar Caliban vir Madaleen ontmoet en trou. Die ander drie het vir hulle elkeen 'n vrou uit geslaan en trou toe met Iris, Juno en Ceres afsonderlik. Hulle het almal baie gelukkig saam gelewe en dit was ook nie lank nie of die hele wêreld was weer reg.

**Phillip van Zÿl 10C**

# ST 10E SKIET UIT

**Sestien van st. 10E is met die kosvoorrade en die moed van sestig mense die berge uit op die week van die 25ste September.**

Ek het nog altyd die suspisie gehad dat ek onfiks is, en alle illusies oor onfiksheid het by baie van ons verdwyn. Terwyl sommiges van ons die berge sonder 'n kreuntjie of druppeltjie sweet uit is, het ander minder gelukkiges (fikses?) agternagestrompel om elke paar minute te vra "Hoe ver nog?!" Juf. Bouwer en mev. Burger het genadiglik kort-kort 'n bemoedigende woordjie oorgehad en so het ons uiteindelik, en skielik nie meer so moeg nie, die poele bereik.

"Ek is nie eens honger nie" het die meeste trots gesê maar dit was 'n gesig om te sien toe ons begin eet het! Almal word skielik vrygewig met hulle kos. Die rugsakke moes ligter gemaak word voordat daar weer geloop word. Die dierbaarste klein stofies is uitgehaal om paddavissies en watergoggatjies uit die water te kook. Ons het geswem, in die son gebak en belangrikste van alles: gelag!!

Daar is by "glyplanke" afgegly (lopende water oor gladde rotse). Libby het selfs gewaag om op haar maag onder te kom! Ons het ewe vermakerig nie gevra hoe dit gevoel het nie.

Die kampvuur was iets om te aanskou! Dit het gedien om pasgewaste hare droog te maak en genoeg vleis vir Afrika is gaargemaak. Toe dit donker word, was dit onmoontlik om selfs jou flits te soek. Daar is oor en weer op slapende koppe getrap. Toe die son opkom was ons styf, maar wonderbaarlik heel. Die terugtog was afdraand en danksy Elmarie en Tertia se "grappies en pret", het ons lag-lag die kombi's bereik.

'n Wonderlike naweek – en 'n klimaks na drie heerlike jare saam!

**Hilde van Robbroeck 10E**

**Vir Oulaas ....**

Ag, liewe Affies
hier waar ek nou staan
aan die einde (die einde?)
van 'n lang skoolloopbaan,
moet ek groet nog vir oulaas
– ek is moeg en gedaan –
maar ag, liewe Affies,
sien julle die traan???

**Matriek**

**Nuwe Boeke**

1. "Aanvaarbare sosiale redes vir die bestaan van die minirok" deur die bekende sweedse deskundige, dr. Kannie Beensini.
2. "Marks against the wall" a gripping and moving thriller by the well-known chinese writer, dr. Who Flung Mud.
3. "Die geskende gesig" 'n boeiende verhaal wat elke moederhart sal roer deur U.G.H. Frankenstein.
4. "Die voedingswaarde van suiwer bloed" deur die bekende dieëtkundige Dr. V.A.M. Pier.

Almal verskyn by B.O.E.K. Uitgewers, Posbus 007, Nêrensfontein.

**S. Burger**

## *HE*

He haunts my dreams,
fills my days.
His brown dog-eyes burning
like huge springfires;

I see him on every cloud,
his face in every flower
He is with me
in the park.
We're together
walking down the lane.
The trees bow their heads
towards us.
His shaggy mane tosses
in the wind.
At night
We sit silently before the fire
with his head on my feet.
And then I know ....
He's mine,
I love him most of all.

**Natali**

# *Mej. AFFIE*

Die opdrag het oor die interkom gekom: "Alle klasse moet asseblief brandblussers koop!

St. 8C het besef dat daar van die volgende dag af koekverkopings gehou gaan word – sommer twee of drie per dag.

Verder is st. 8C 'n oorspronklike klas. Hulle het besef hulle moet die leste bietjie oorspronklikheid wat hulle het uitgrawe. En toe kom hulle op die idee van 'n "Mej. Affie-kompetisie." En st. 8C begin organiseer: twee inskrywings per klas; beoordeling van st. so en so op die en daardie dag, en die stof trek soos hulle organiseer.

En om nie by st. 8C se oorspronklikheid af te steek nie, besluit St. 9F om 'n foto-kompetisie te hou! Hulle organisasie-vermoë moes in alle opsigte ook nie agterbly nie, en hulle werk die reëls van hulle kompetisie uit: soveel afdelings vir inskrywings met sulke spesifikasies ens, ens.

En die geld rol in en die skool raak bewapen met brandblussers.

Baie geluk aan hierdie twee klasse wat op sulke oorspronklike maniere hulle geldjies insamel, en geluk aan die wenners van bg. kompetisies!

**Susara**





## *GENIET DIE VAKANSIE*

KERKSTRAAT 219
PRETORIA


TEL: 3-7018
3-7010

IN SAMEWERKING MET R. MÜLLER
Beroemd vir Musiek sedert 1882

KLAVIERE:
STEINWAY
BECHSTEIN
BUSENDORFER
AUGUST FORSTER
OTTO BACH
WELMAR

ORRELS:
LOWREY

TELEVISIE:
PIONEER
SONY
VIDEO SCOPE




# FORUM '76

## ONS MOET BESIN!

Die meeste van ons en nou praat ek hoofsaaklik van die matrieks, het die afgelope vyf jaar 'n beskermde bestaan gevoer waar alles omtrent vir ons gedoen is. Ons staan op die vooraand van die lewe daarbuite wat ons binnekort sal betree. Hoeveel van ons is werklik opgewasse vir die taak wat vir ons wag? Kan ons self dink en uitsluitsel kry oor 'n saak of moet daar vir ons besluit word en val ons soos goed geoliede Robotte daarby in. Die meeste van ons is al 18 en sal reeds kan stem met die volgende verkiesing maar hoeveel van ons weet werklik wat stemreg behels en waaroor dit gaan. Stem ons maar vir 'n sekere party omdat ons ouers daarvoor stem of het ons al die dinge goed oordink en besluit wat vir Suid-Afrika die beste sal wees. Ons is almal bewus van die veranderende toestande in Suider-Afrika, dinge wat in Rhodesië gebeur raak ons as blankes ten nouste en sal 'n groot invloed op die toekoms uitoefen, maar hoeveel van ons stel werklik belang, hoeveel van ons gee werklik om wat gebeur of dink ons maar dis nie ons probleem nie; die mense wat daarvoor moet dink en besluit sal dit doen. Dis 'n houding wat deel geword het van ons en wat ons almal tot kommer behoort te stem. Dis tyd dat ons begin dink en begin besin oor alles wat ons ten nouste raak. Slegs dan sal ons voorbereid wees vir dit wat daar vir ons wag en slegs dan as ons antwoorde gekry het vir onsself op al ons vrae, dan sal ons die toekoms kan ingaan, vreesloos.

**Cornè Mulder**
**Redakteur**

*Kruis*

*Blind duik*
*seer en hard*
*die kruishoutsmart*
*van my verlossing op*
*Waar staal kners*
*en knars op bloedbetapte*
*Wande*
*en*
*Van pyn verkluim my siel:*
*ook vir mỳ sonde....*

C.V.

*Die datum*
*skuif syfers opsy*
*ek en jy –*
*ons oë volg*
*duister slingerkolke*
*van selfban*
*en*
*ek en jy*
*ons soek*
*sonder sintuie*

C.V.

*Die bloedblou son*
*suig my*
*polsslag uit*
*reeds lankal*
*sterf ek*
*met jou geboorte*
*in my hand.*

C.V.

*Môre*
*is 'n voël wat*
*roei om die wind*
*more*
*is wasem in jou mond*
*die tydgetrom*
*die son wat omdop*

*More is 'n afvlerk*
*bloed*
*wat*
*stol:*
*'n swart angelier*
*More is dood.*

C.V.

**Toe die son**
**drie maal draai**
**Was die slaap**
**op my kussing**
**die droom**
**in my hand**
**die nag in my oë**
**die lag in my kop**
**my kop in**
**die lag**
**die lag**
**lag**

**Toe die son**
**driemaal**
**draai**
**omdraai**
**Wegdraai**
**in die nag**

C.V.

# BRIEWE

## REG EN VERKEERD HET SINONIEM GEWORD

Geagte Redaksie,

"Waarheen gaan alles en hoekom loop dinge in die wêreld deesdae so ontsettend skeef?" Dit is 'n vraag wat 'n mens jouself dikwels in ons moderne era afvra. Onderduimsheid, skelmstreke en sommer dinge wat ooglopend verkeerd is word daagliks deur ons samelewing stilswyend aanvaar, of miskien word daar oor gefluister, maar nooit, nooit word hierdie dinge aan die kaak gestel nie.

Elke dan en wan kom een of ander onvergeeflike skandaal vorendag, maar tussen-in gaan al die ander ongemerk verby – word hulle toegesmeer (of dalk toebetaal) net solank die beeld na buite goed en mooi lyk. Hierdie toestand heers van die hoogste wêreldliggaam tot en met die kleinste instansie.

Dit is veel makliker om iets te bereik deur kontakte en konkelry as deur eerlike harde werk. Basiese disipline is nie meer in ons daaglikse lewe bespeur nie. Die wat wel bestaan is net om 'n goeie indruk te skep – versiersel op 'n koek en die versiersel word daagliks dikker om die krake toe te smeer. Waarom is die indruk na buite so belangrik as jy verrot van binne is?

Reg en verkeerd is nie meer radikale kontraste teenoor mekaar nie. Alles is half-mas en lou-warm en dus sosiaal-aanvaarbaar.

Hierdie situasie is vir my totaal onaanvaarbaar en laat my weerloos en bang teen 'n wêreld van korrupsie wat niemand wil raaksien of regmaak nie.

Kinders word gebore en word groot in so 'n onseker louwarm wêreld waar geld die hoofrol vertolk.

Waar kom dit alles vandaan en kan dit gekeer word? Kan ons, die leiers en gesag van môre, nie weerstand bied teen hierdie euwel nie? By voorbaat dank

**Libby St. 10E**

## PARAAT OF NIE PARAAT

Geagte Redakteur,

Die afgelope week of wat het ons 'n paar keer ons noodplan vir ontruiming geoefen. Alles het goed verloop maar daar was tog iets wat my bekommer het. Ek dink ons weet almal waarvan ek praat as ek sê dat daar 'n ligsinnige gees onder die ouens was so of hulle dink dit sal tog nooit nodig wees nie. Ek wil 'n beroep op elke Affie doen om die saak met die nodige erns te beskou en om die nodige samewerking te gee. Sover is ons nog elke keer gewaarsku voor so 'n oefening, kom ons kyk wat gebeur sonder 'n waarskuwing. Ek dink dit sal ons mooi wys hoe paraat ons werklik is, of nie is nie.

**"Maar net versigtig"**

## AHM EN AHS HOU SAAM FEESTE

Geagte Redakteur,

Ek is seker daarvan dat al die Affies en Affienas so deur die loop van die jaar 'n verandering bespeur het tussen ons twee skole. In die verlede was daar soms meer belangstelling in die doen en late van Boys- en Girls High vanaf ons twee skole, maar deesdae is dit duidelik dat die twee skole se belangrikste belange bymekaar is. Ek dink dis 'n groot deurbraak wat tot ons almal se voordeel is en in die toekoms sal wees. Dink maar net aan die lekker Boeresportfees wat ons saamgehou het, om nie eers van die veldfliek te praat nie. Vir die eerste keer in die geskiedenis bring die matriek ouens 'n pouse saam met die meisies deur om waardevolle kennis uit-te-ruil. Lentedag is nog 'n mooi voorbeeld en ek dink 'n dag wat ons lank sal onthou was toe die Affienas se matrieks by ons kom kuier het. Dis alles dinge wat die verhouding tussen A.H.M. en A.H.S. uniek maak, 'n verhouding wat nerêns anders tussen twee skole aangetref word nie. Na alles dis tog net 'n pad wat ons twee skole van mekaar skei. Ek wil graag van hierdie geleentheid gebruik maak om elke Affie-ou en meisie te bedank vir sy en haar beskeie deeltjie om hierdie verhouding te bewaar en te verbeter.

**Pro-skakeling**

## MEER L.O. ASB.


Geagte Redakteur,

Ek dink elke Affie weet baie goed hoe dit is om moeg na 'n L.O. periode wiskunde probleme te moet doen. Ek wonder met die oog op volgende jaar of dit nie moontlik sal wees om die twee L.O. periodes van elke klas aan te skakel in die vorm van 'n dubbel periode nie. Ek dink dit kan net voordele inhou en ek sê so om die volgende redes. Dit neem ons nou amper die helfte van die periode om aan en uit te trek. Die klas het skaars begin of ons moet moeg, weer in ons klere spring en laat wiel vir die volgende klas. As ons 'n dubbele periode het sal daar baie meer tyd vir die L.O. onderwyser wees om iets met die klas te doen en sal daar geleentheid wees vir die ouens om na L.O. te stort voor die begin van die volgende periode. Ek dink dit is 'n saak wat beslis aandag verdien. Ek hoop daar word iets daadwerkliks hieromtrent gedoen. Byvoorbaat dank.

**"Pro L.O." 10C**

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

# SPESIALE PLAKFOTO



**Affies en Hulle Blaffies**

**Vrae"**
1. Wat dink u van geel hemde vir skooluitgaandrag?
2. Is u 'n voorstaander of teenstaander vir aparte skole?
3. Wat dink u van hokkie?
4. Wat is u mening t.o.v. 'n boksklub vir die skool?
5. Wat dink u van die meisies van Meisieshoër?

**Eerste Blaffer:**
1. **Hou nie van geel nie, swart is puik.**
2. **Met almalgamasie van twee geslagte in 'n heterogene skool sal die basiese invloed wat op die verskillende spesies uitgeoefen word verskil, nie waar nie? Maar in hierdie geval sal bv. die uitwerking gunstig wees op die vroulike sy en ongunstig op die sg. sterkere geslag.**
3. **Hang af wat jy daarin sit.**
4. **Vir my as individu skyn die opgaar van leë "bokse" as nutteloos en tydvermorsing.**
5. **Ek wil liewers nie 'n hipotese waag nie.**

**Tweede Blaffer:**
1. Voel nie daarvoor nie.
2. Voorstaander van aparte skole.
3. "Tit sport"
4. Gee nie om nie, Kallie Knoetze kan help afrig.
5. Oraaiiit!

**Die Derde:**
1. Die boonste drie knope moet af wees.
2. Nie soseer skole nie, maar koshuise wel.
3. Mits hulle hul beenhare afsny.
4. Solank ek net nie die slaansak is nie.
5. Ag nou ja ....

**En die laaste:**
1. Oulik, veral as dit eenvormig oopgeknoop word.
2. 'n Seunskool is beter as 'n gemengde skool, maar verder weet ek nie ....
3. Hokkie wat 'n fees, as dit gemeng is.
4. 'n Dom vuil sport wat by gemengde skole tuis hoort.
5. Behoudend vir ons volkie, maar nou ja, tog onmisbaar.

**AFFIES SE NUWE LEIERS**

Daar is gereeld elke jaar een Maandag wat anders is – sommer heeltemal anders. Dis die dag waarop Affies se nuwe leiers vir die volgende jaar aangekondig word.

Geweldige opgewondenheid heers op so 'n Maandag in die saal, en reeds wanneer die hoof die verhoog opstap besef 'n mens daar is iets spannends in die lug.

In 'n groep mense se lewens is dit 'n groot dag – 'n dag waarop jy beslis nog nie die volle implikasies van prefekskap besef nie, maar 'n dag waarop jy reeds besef dat dit waarvoor jy hard gewerk het, en nog gaan werk, nie verniet was nie.

Aan Karien en haar prefektekorps van 1977 wil ons net die beste toewens. Mag julle Affies se naam hoog hou!!

**Le Chic Coucou**

**52 Kingsley Centre**
(opposite Grond Wazoo)
**Beatrix Str Arcadia**

***Fantastic Sale***
***6th - 11th December***

**ALL GOODS LESS 25%**

**BLOUSES – R1-99**
*DON'T MISS IT*

# AFFIES SE SANGSTÊR: Anelle Myburgh

**Op 10 Maart 1959 aanskou Anelle Myburgh vir die eerste keer die lewenslig, te Bloemfontein. Sy groei daar op en bring haar eerste hoërskoljare deur aan die Oranje Meisieskool. In 1974 kom sy na die Afrikaanse Hoër Meisieskool waar sy in 1976 matrikuleer.**



Reeds in haar laerskooljare verwerf sy 'n hele aantal goue sertifikate vir sang op kunswedstryde, hoewel sy nooit ernstig was daaromtrent nie. Ongeveer 4 jaar gelede het Anélle besluit op intensiewe toetrede tot die musiekwêreld. Sy verwerf groot roem toe sy in die operettes "Met liefde van Marlise" en "Sinbad the sailor" albei die titelrolle sing.

Gedurende September vanjaar sing Anelle 'n duet saam met Hermien Hattingh en uit ongeveer nege deelnemers behaal hulle die eerste plek en verwerf so 'n goue medalje. Op dieselfde kunswedstryd kry Anélle 'n A+ vir 'n solo.

Die afgelope 3 jaar ontvang Anélle sangonderrig by ene dr. Everardt Künkel. Dr. Künkel, 'n belowende musikus, het 7 jaar gelede uit Duitsland na Suid-Afrika. In Duitsland was hy 'n operadirigent.

Reeds het Anélle televisie toetse geslaag en aanstaande jaar begin sy televisiewerk doen. Op die vraag of sy sang haar loopbaan gaan maak antwoord sy 'n definitiewe nee, aangesien sy meen dat daar geen toekoms in 'n sangloopbaan vir 'n jongmeisie is nie. Haar planne vir die toekoms: sy gaan haar in die Regte bekwaam!!

Sang is egter nie Anélle se enigste bate nie. Om in operettes te kan optree moet sy ook kan toneel speel. Tans ontvang sy drama opleiding van Jan Engelen, televisie regiseur en bekende toneelspeler van Truk. Anélle verdien reeds baie geld deur die vertaling van films vir die S.A.U.K. Dit is 'n werkie wat sy al twee jaar behartig en steeds terdeë geniet.

Ook Anélle se neef het vir hom 'n plek oopgesing in die musiekwêreld, as lid van die Drakensbergse Seunskoor. Daarby was hy ook lank hoofsanger van die Vrystaatse Jeugkoor.

Dit is dan 'n kykie in die lewe van Anélle Myburgh. Mooi so Anélle ons wag om nog baie van jou te hoor in die toekoms!

**Riekie**

**WINTER**

*tortelsiele*
*swerf melancholies*
*die grou ruimtes in*
*'n laatlam sonneblom*
*soek nog aan die hemel*
*na die flougeel boesem*
*van sy bejaarde moeder*
*op spieëlkoue panne*
*droom bleshoenders*
*die seisoene*
*in waterringe om ....*

*vleie en grasvlaktes verbleek ....*

*alle kleur en lewe*
*loop langsaam leeg*
*in die palms*
*van die jaar se ouderdom.*

**BOODSKAP**

*God is nie kwaad*
*vir die pynrooi kannablom*
*al is sy nie 'n predikant nie*
*want met haar liggaam*
*vertel sy mos*
*van die geweldige oopbreek*
*van die skepping.*

**SÊ NOU . . .**

die gedig het gesterf
en uit sy granietgraf
het kappertjies en kosmoskleur
en lewe
bont en ongeïnhibeerd gebars
maar niemand kan selfs
die versluierde son noem nie
want die gedig is mos dood
en sonder hande.

**FRIENDSHIP**

Saturdaymorning, the bus crowded with:
an elephant
a newspaper maniac
a class mate
and a friend.

We drink coffee at Sorrento:
no sugar,
srrounded by empty-eyed strangers
Thanks for your company
it softens the glare.


**Sewe onuitputlike bronne van plesier**

1. Om 'n toelaatbare rede te hê om die klas vir 'n periode of twee te kan verlaat.
2. Om 'n vryperiode te hê.
3. As 'n toets uitgestel word.
4. Om 'n onderwyser(es) in verleentheid te sien.
5. As 'n onnie vergeet om huiswerk te gee.
6. Om vroeg huis toe te gaan.
7. Om 'n swak toets terug te kry en dan uit te vind dat die onnie twintig persent se punte nie bygetel het nie.

**Luilop 10A**

**Jim Brookins, ons eie Yank**

Affies was die afgelope termyn bevoorreg gewees om 'n besoeker vanaf die V.S.A. te hê, as leerling vir 'n week. Jim Brookins het die 26ste September by die Koshuis aangekom waar hy 'n week sou deurbring. Jim het van die begin af vinnig deelgeword van die Koshuis en Skool en het gou gesorg dat Sagtebal 'n baie populêre sport geword het by die Affies. Jim kom oorspronklik van die Noord Weste van Amerika af, vanaf die Staat Oregen en wel vanaf die dorp North Bend waar sy Pa rektor is van die plaaslike College. Jim is vir hierdie jaar in die Sir Pierre van Ryneveld Hoërskool in Kemptonpark en keer aanstaande jaar Januarie na Amerika terug. Dit was vir ons almal baie lekker gewees om vir Jim hier te hê en ons wens hom baie sterkte en sukses toe vir die toekoms.



# DAPHNE!!

**Die meeste Affies het al die beeltjie van 'n snaakse, byna misvormde meisie voor in die saal gesien. Sy staan al 'n hele paar jaar daar op die houtpaneel, maar min Affies weet wie sy regtig is en waarom sy so lyk.**

Hierdie meisie se naam is Daphne. Sy is 'n karakter uit 'n ou Griekse legende. Daphne het in 'n vallei aan die voet van die berg Olumpus gebly. Sy was 'n pragtige brose nimf wat die dag verwyl het deur te speel met mede-nimfe op groen gras onder 'n pragtige blou lug.

Een oggend sien sy voor haar 'n goddelike beeld. Toe die son op sy gesig val, sien Daphne dat dit Apollo, god van die son, musiek en fyn kunste is. Apollo het dadelik op Daphne verlief geraak, maar sy, wat nog nooit geïnteresseerd in mans was nie, keer haar rug op hom en begin wegstap. Apollo kon haar skoonheid nie weerstaan nie, en agtervolg haar. Sy het geskrik en begin vlug. Apollo het haar agtervolg maar Daphne, wat so lig soos 'n veertjie was, en so vinnig soos 'n bokkie kon hardloop kon net nie haar agtervolger afskud nie.

Uitgeput en bewend van vrees het sy na haar vader se rivier, Peneus, gehardloop, terwyl sy hom roep om haar te beskerm. Sy het skaars die rivier-oewer bereik, toe haar voete skielik nie meer kon beweeg nie! Haar bewende ledemate het begin verander in 'n growwe boomstam en haar hande is bedek met blare. Haar vader het haar gebede beantwoord deur haar in 'n lourierboom te verander.

Apollo, wat haar op daardie oomblik ingehaal het, het slegs die jong takke van 'n lourierboom vasgehou. Hy kon eers glad nie verstaan waarheen Daphne verdwyn het nie, maar het later besef wat gebeur het.

Van daardie dag af is die lourierboom sy geliefkoosde boom. Digters, komponiste en sportmanne sou lourierkranse as belonings ontvang in die toekoms.

Die verhaal van Apollo (die son) en Daphne (dou) is 'n ililustrasie van die uitwerking van die son op dou. Die son word bekoor deur die dou se skoonheid. Dou is egter bang vir die son en vlug wanneer die son verskyn. Wanneer sy brandende asem aan haar raak, verdwyn sy heeltemal.

* * *

Ek hoop elke Affie sal nou met nuwe oë na ons pragtige Daphne beeltjie kyk wanneer sy in die saal instap.

**- Lynette 10E**

# VOORTREKKERS

## ST. 10 Verkenners

Nou het ons gekom aan die einde van ons Verkennerlewe. Een van die dae sal ons die skool verlaat en miskien na vreemde oorde vertrek. Ons spanne sal uitmekaar spat, elkeen op sy eie paadjie die lewe in. Ons Verkenneruniform sal ons nooit weer aantrek nie. Nooit weer sal ons met ons Verkennermaats om die kampvuurtjie sit en sing en speel en leef en droom nie.

Ons leef in opwindende tye, tye van groei en ontwikkeling en daaglikse nuwe ontdekkings wat die aangesig van die wêreld binne enkele jare totaal verander. Dit is ons voorreg om dit te kan beleef en self ook ons bydrae daartoe te lewer; ons voorreg om ons Verkennerstaal te toon deur die manier waarop ons die probleme van ons land benader en ons eie lewe inrig tot daadkrag en oorwinning. Ons land het die allerbeste baie nodig. As ons Verkennerlewe 'n sukses was, dan sal ons lewe 'n sukses wees, want die Verkennerspel was tegelyk ook deel van die lewensspel. Die Verkennerlewe mag nie tevergeefs wees nie. Die geloof en idealisme wat ons hier opgedoen het, ook alle kennis en vaardighede, moet ons vergesel die toekoms in.

Die Verkennerlewe mag ons nooit vergeet nie; nie die drome en ideale, ons Verkennermaats en tal van Verkenneravonture nie; ook nie hoedat ons die vrye lewe van die jeug geleef het nie. Die lig van talle kampvure moet steeds in ons verbeelding flonker, en ons gees moet altyd in staat wees om terug te sweef na die sondeurdrenkte randjies, die helder waters, die eensame veld waar die as van baie vuurtjies verwaai het. Só sal ons ideale steeds nuwe krag put uit ons Verkennerlewe.

## INLEIDING

**Die jaar 1976 het vinnig verby gesnel. Vir ons as Voortrekkers kan ons terug kyk op 'n geseënde jaar wat vele hoogtepunte opgelewer het. Daar was – soos op enige ander terrein van die lewe – ook maar die laagtepunte maar ons glo dat die positiewe kant swaarder as die negatiewe kant geweeg het.**

Ons as Verkenners kon ons weer beywer en ten volle uitleef in die talle funksies wat daar vir ons aangebied is op verskillende gebiede.

Baie van ons Verkenners tree nou 'n groot stap na vore. 'n Stap die onbekende toekoms in. Oor baie dinge sal daagliks alleen besluit moet word. Soms i.v.m. die veiligheid van mense, soms reg en verkeerd en die finale verantwoordelikheid sal altyd op jou eie skouers rus.

Dit sal van elkeen self afhang of jy gaan aanhou wanneer ander tou opgooi, of jy nog sal aanhou glo in jou ideale wanneer ander uitsak en vreemde ideale verkondig – of jy die gebaande weë wil volg en die Verkenner van die toekoms wil wees:

"Trou aan God, trou aan onsselwe,
Aan die trekkerideaal ....!
Trekkerseuns en Trekkerdogters – Trek! .... God sal die pad bepaal!"
HOU KOERS

**Marie-Louise Beeton**

## OU LUNSKLIP JOU DORING

"Daar is net een plek .... en dit is Lunsklip veldwerkkamp!"

LUNSKLIP! Eienaardig darem dat so 'n klomp begrippe en idees sò deur een woord saamgevat kan word. Want vir die Voortrekkers is Lunsklip nie net die ongewone naam van 'n plekkie daar doer in die Noord-Transvaal nie, maar wel die versinnebeelding van albei veldwerkkamp. Dis dié kamp waar jy leer om in jou veld te woon en te leef, dié kamp waar daar tussen die baie ronddraf en woel en werskaf tog ook altyd 'n tydjie is om net stil te sit en na die wolke te kyk. Dié kamp waar 'n kampvuurprogram van formaat elke aand gelewer word. Maar dis veral dié kamp waar jy leer om jou erfenis lief te kry, te bewaar en te bewaak vir dié wat na jou mag kom. Dit is Lunsklip!

## WAAROM DRA ONS VORIES 'N UNIFORM

Uni – beteken "een" en uniform staan vir eenvormigheid. Oor die hele Suiderlaand behoort tienduisende seuns en dogters aan hierdie een Beweging, glo hul aan dieselfde ideale, veg hul dieselfde stryd. Oor die hele Suiderland wapper die Voortrekkervlag oor al sy lede, lewe hul dieselfde Voortrekkerlewe, doen hulle dinge op dieselfde manier, sing hul dieselfde liedere. Oor die hele Suiderland strek die onsigbare bande van broederskap en trou, van geloof en kameraadskap, van vaderlandsliefde en toewyding aan een en dieselfde ideaal wat seuns en dogters heg saamsnoer tot 'n eenheid; daarom dra jy 'n uniform as simbool van hierdie groot Beweging en alles waarvoor dit staan.

Jou trots op jou uniform is die trots op jou Beweging, op jouself, op die Afrikanerjeug wat jy in hierdie uniform verteenwoordig.

Wie die Verkennerlewe goed leef, is 'n Verkenner, en tog spoor die dra van die uniform hom steeds opnuut aan om 'n beter Verkenner te wees en te word; om die belofte wat hy afgelê het, uit te leef.

Die uniform is deel van die opwinding van die Voortrekkerlewe.

## VLOTVAART

8 dromme, 10 houtpale en 140 metertou. Die reisies het begin. Al 7 Vories werk saam en na 2 ure laat ons die vlot te water. Nou vir die roei 18 km stroomaf en dit in die nag – sjoe! Die ander vlotte is al ver voor maar die vlot met die beste tyd wen.

Nog net 1½ kilometer oor. 'n Sterk wind van voor. Blase op die hande, maar 'n boer maak 'n plan toe trek ons maar die laaste entjie en kom tweede.

**Hendrik**

## DIE WEG VAN TOEKOMS HELDE

Sê my, maat, is jy bereid
om op te offer vir ons stryd?
Wil jy met frisse denke en sterk gevoel
Jou beste skenk vir daardie doel?
Wil jy wat spel en pret
in jou programme het,
ook doelvas daarna strewe
om die Voortrekkerwet te lewe
in diens met daaglikse dade?
Antwoord jy vasberade?
.... Ja, as Verkennermaat, ek wil!

## AFRIKAANS AND ENGLISH INTERDEBATE

**Our last English debate was such a big success that one can really feel satisfied with the way in which 1976's debatting season ended. It was an Afrikaans and English Interdebate. The theme for the English part was: "If you were stranded on a deserted island, which two people would you take along?"**

It was very interesting to hear the std. sixes' and sevens' ideas on the topic. Pieter Viljoen, for example, chose Lord Brain Power to help him physically and to boost his morale he chose to take Raquel Welch as "entertainer". Needless to say Pieter won the vote. Other choices were: Professor Julius Sumner Millar and Carol Burnett by Audrey Nel; Robinson Crusoe and Alice in Wonderland by Michael du Plessis; Dr. Pienaar and Dr. Chris Barnard by Ronel Meyer.

The floor discussion did not have much success until Michael asked "volunteers" to state their choices. These were very revealing and also amusing when hearing the threatening murmers of "volunteers" grumbling, "Just wait till tomorrow, Michael!" This debate also definitely showed us that man is absolutely dependent on moral as well as physical support.

Lastly I'd just like to thank everyone for making all the debates during the year great successes: everyone who helped with the tea, the flowers, the decor, the costumes, the organization and those who came to watch. A special thank you to Miss Hönck and Miss Bouwer – it was fun.

Congratulations to our new chairlady, Nushin and secretary, Lizzie.

Lots of luck!

## REDENAARS PUIK

Beskou u uself 'n outoriteit ten opsigte van Affies se geskiedenisskepping. Wel u kan uself alleen in sodanige lig beskou mits u Affies se pasafgelope deelname aan die landwye Junior Raportryerskorps se redenaarskompetisie bygewoon het.

Jaarliks neem 240 skole deel aan hierdie uiterste straf kompetisie. Affies val in 3 streke nl. in die Noord-Transvaal streek wat hulle gewen het en die Transvaal streek waar hulle groot roem verwerf het deur soos oudergewoonte deur te dring na die finaal wat in die Bur-Burgerspark Hotel in Pretoria gehou is.

Slegs 8 skole in die land het die finaal gehaal waar 16 finaliste – 2 van elke skool – deelgeneem het. Die finaal is toe gewen deur die Klerksdorpse Hoërskool. Aan Wynand Bezuidenhout en Danie Fölcher, ons twee puik redenaars, baie geluk. Ons weet almal dat as dit nie vir Mnr. A. Ferreira was nie Affies nie soveel op hierdie gebied sou bereik het nie. Aan Mnr. Ferreira 'n baie groot dankie soos slegs die Affies kan dankie sê. Nogmaals baie geluk!!!

**Louis Botha**

**Toiings Restaurant**

vir die beste en lekkerste
**BOEREKOS**
in Pretoria
**Beleggingssentrum Nieuw-Muckleneuk**
**Tel. 78-5259**

**SPORT KIOSK**

BARCLAY PLEIN

★ ★

● Tennis
● Rugby
Atletiek

★ ★

**en alle sport benodigdhede Tel. 44-7777**
SPESIALE AFSLAG VIR STUDENTE

# SPREEKBUIS

## YOU AND I



## IN SEARCH

In my heart is the seed of the tree which will be me. Nourished by understanding warmed by friends, fed by loved ones, matured by wisdom, tempered by tears. Patience .... the seasons pass, the sead spouts, the young branches begin to form to reach out for new experiences, new contacts to rest their strength in the wind. To examine their size and shape as a child discovers its own hands and feet. And then .... one day in the spring of my life the bads and the blossoms appear. I am alive – I am here – I have joined the earth like a tidepool .... Living at peace with the sun and the moon – I promise myself .... I will. I am. I am ready. I am ready to give. I am ready to give and to receive. I am ready to give and to receive love. I could enter a crowded room and in an instant know that this was not the time nor the place and now .... Today .... I hear a sound and I know, I sense your presence and I know. Your questions touch me. You ask, will it always be easy? Will it be forever. I wish I could answer yes, I can only say, let's begin to try, to do, to build, to breathe, to live with patience, with care, with an open mind. Let us join the ages. The tides flow. The sun rises and sets. The seasons come and go. The moon and stars light the night way for each of us. What we plant today will root and grow. Let us plant a seed. Love and protect it, feed and warm it. Surely a tree will rise to take its place in the sun. Let us plant today, the seed which will be the tree of us. This is our spring, our precious time, to blossom, to be forever. Will you be with me? and now at last we are. I walk softly through the valley of our love, carefully I avoid crushing the smallest leaf or branch. It is alive, it is precious, it is holy. All the great mysteries are resolved. All the great questions are answered.

**Jongie**


TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.. GUNFIRE

POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS

(EDMS.) BPK.

**HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP**

**IS VISVANG EN SKIET U LEWE?**
KOM DAN NA GROENEVELD EN HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.

**ONS SPESIALISEER IN:**
- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGENEEM WORD.

AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE


## OORLOG OP TWEE FRONTE

**Rusland berei voor vir oorlog op twee fronte**

**'n Groot Russiese vissersboot het anker gegooi in die Chinese hawe Kowloon. Die boot lyk meer na 'n elektroniese laboratorium en die bemaning wat die dek patrolleer lyk nie juis soos vissers nie.**

'n Britse vloot offisier het opgemerk. "Teen vanaand op die laaste sal ons weer 'n Chinese protes aanklag kry. Dit sal nie maklik wees om dit te beantwoord nie. Alhoewel ons weet dat dit 'n spioenasieskip is moet ons dit volgens maritieme regulasies ignoreer.

Dog na dag vaar Russies oorlogskepe in die Stille Oseaan, oos van Taiwan. Die onderwater verdedigings-installasies rapporteer elke dag die teenwoordigheid van "onbekende" duikbote. 'n Paar jaar gelede het daar slegs burgerlike skepe gevaar maar vandag is daar al meer tekens van militêre aktiwiteite. Die verandering het in die vroë sestigerjare begin toe Brittanje hom onttrek het aan die Suez-kanaal. 'n Militêre lugleegte het ontstaan in die Indiese Oseaan, wat die Russe gou gevul het aangesien niemand protes aangeteken het nie. 'n Duidelik opbou van Russiese militêre aktiwiteite het duidelik geword tydens die oorlog in Bangladesh. Vandag is Rusland die enigste see moondheid wat die waters tussen Suid-Afrika, Indië en Australië patrolleer. Die Russiese-vloot het ondersteunings-punte in Somalië, Bangladesh, Indië en Srihanka, terwyl daar besig is met die bou van 'n basis in Mosambiek. Die rede vir die Russiese belangstelling sover vanaf sy eie kuste is duidelik. Een van die groot swakhede van die U.S.S.R. is dat hulle bedreig word met 'n oorlog op twee fronte vanuit die Ooste en die Weste. Moskou probeer nou om die aanslag vanuit die Ooste te verhoed. Dit kan slegs gedoen word as hulle die Suide beheer. Daarom is dit logies dat Rusland die Indiese Oseaan wil omskep in 'n sterk Soviet gebied.

Dit verduidelik dan ook die oorlog in Vietnam. Hanoi was meer Russies gesind as China hoofsaaklik vanweë die historiese spanning tussen Tonking en China. Dit is logies dat Rusland 'n groot rol gespeel het in die Vietnamese-oorlog want China sou beslis gelukkiger gewees het met Pro-Westerse Vietnam as 'n Vietnam wat regeer word deur die U.S.S.R. Dit was Rusland wat die Vietnamese-oorlog gewen het en nie China nie. Terwyl dit op land gebeur het, het die Russe hulle voordeel op see vergroot. Die Russiese vloot se uitbreiding het China was gedruk tussen Vladivostok en die Suid-Chinese See. In 'n poging om hierdie aanslag die hoof te bied het China die twee eiland groepe Paracel en Sprotly langs die Vietnamese kus geannekseer. Rusland is stadig maar seker besig om China vanuit die Suide te issoleer om daardeur 'n aanslag op twee fronte te verhoed. Dit is beslis genoeg rede om ons tot kommer te stem.

**Pieter**

## KIES JOU MAN

**Die vraag word dikwels gevra in hoe 'n mate vandag se meisies ooreenstem met hulle moeders. As 'n mens na die ewolusie van die afgelope 20 jaar en die wil na onafhanklikheid kyk is mens geneig om te wil sê dat daar geen ooreenstemming is nie.**

Na 'n deeglike ondersoek wat gedoen is, is lg. stelling verkeerd bewys. Daar is gevind dat vandag se meisies ook maar wil trou, kinders hê, liefde gee en ontvang en die gewone huishoudelike take van 'n vrou vervul – net soos hulle moeders!

Maar op die vraag: "Dink jy dat jou lewe 'n mislukking sou wees as jy nie trou nie?" het 68% van die meisies geantwoord:
"Beslis nie! maar ek sou **tog** eerder wil trou".

**N.a.v. die volgende drie tipes meisies kan laasgenoemde antwoord verklaar word:**

Die drie tipes meisies is van dieselfde sosiale milieu, maar hulle manier van optrede en wyse waarop hulle toekoms sien, verskil.

1. Sy is ernstig oor haar studies ten einde 'n goeie beroep te verseker. Sy dink aan trou maar wil nie afhanklik wees van 'n man nie. Sy is vriendelik met mansvriende maar laat hulle verstaan dat sy gelyk met hulle voel.
2. Sy maak haar studies ook haar erns, maar eerder om 'n goeie algemene kennis te bekom. Sy wil eerstens trou en sal daarvoor haar studies/werk laat vaar om 'n goeie ma of huisvrou te wees. Sy beskou alle mans wat sy ontmoet as potensiële wederhalwe. Sy bestudeer hulle karakters en probeer dit word wat hulle van 'n vrou verwag.
3. Sy behaal ook sukses in haar studies, maar beskou dit nie as belangrik nie. Sy geniet die lewe soos hy is en beplan nie vooraf vir môre nie. Vir die oomblik is sy jonk en gaan uit saam met mansvriende, sonder om te dink waarna dit sal lei. Sy is gelukkig om baie van haar jeug te put en sien net die goeie kant van sake.

Resultate van die ondersoek.

1. Aan watter van die drie dink jy behoort jy?
   Tipe 1 – 59%
   Tipe 2 – 14%
   Tipe 3 – 27%
2. Aan watter een van die drie **wil** jy graag behoort?
   Tipe 1 – 68%
   Tipe 2 – 10%
   Tipe 3 – 22%
3. Watter tipe meisie verkies die jong mans?
   Tipe 1 – 8%
   Tipe 2 – 17%
   Tipe 3 – 75%
4. Watter een van die drie verkies hulle om mee te trou?
   Tipe 1 – 38%
   Tipe 2 – 48%
   Tipe 3 – 14%

Dus, hoewel die jong mans nie van 'n vrou as sy gelyke hou nie, verander die dames se houding nie! Hulle voel hulleself as die eerste tipe en, indien nie, sal hulle graag so wil wees.

Dus, hoewel gelykheid nog nie 'n werklikheid is nie, is dit baie naby!

**Susara 10E**

## BRANDBLUSSERS OF GIMNASTIEKSAAL

LIEWE AFFIENA

Na aanleiding van die nuwe poging om brandblussers vir ons skool aan te skaf, het ek begin wonder....

Dis mooi, en dis goed, en dis reg dat ons met 'n geldinsameling vir brandblussers begin het – dis immers baie noodsaaklik. Verdere sal u met my saamstem dat dit heerlik is om vir 'n doel te werk – dis lekker om geld in te samel op alle ondenkbare en denkbare maniere as jy weet dat die doel goed is, en dat dit dus die moeite werd is.

Nou het ek net gewonder of dit nie dalk moontlik is dat ons (nadat voldoende geld ingesamel is vir brandblussers) ons geldinsamelingsveldtog voortsit nie. Die doel: 'n GIMNASTIEK-SAAL!

Liewe Affiena, u sal met my saamstem dat dit nie besonder aangenaam is om op 'n yskoue, wit-gevriesde wintersoggend jou skoene en swart-meraaias uit te trek en op die ys rond te hardloop nie!

Verder het almal gehoor dat daar besondere talent in ons skool is wat gimnastiek aanbetref.

Ek is oortuig daarvan dat alle Affies heelhartig met my saamstem as ek sê: "Ons moet 'n gimnastiek-saal kry!" Verder is ek oortuig van almal se samewerking in die verband.

As dit my vergun word, wil ek graag voorstel dat ons 'n kermis hou volgende jaar om ons fonds mee te begin.

Pres. Brand se leuse was: "Alles sal regkom as elkeen sy plig doen". Ek wil graag sy leuse as volg wysig: "'n Gimnastiek-saal sal kom as elkeen bereid is om sy plig te doen!"

Baie dankie

**PRO-GIMNASTIEK St. 10E**

## THE PRAYER OF THE GOAT


*Lord*
*let me live as I will!*
*I need a little wild freedom,*
*a little giddiness of heart,*
*the strange taste of unknown flowers.*
*For whom else are your mountains?*
*Your snow wind? These springs?*
*The sheep do not understand.*
*They graze and graze,*
*all of them, and always in the same direction,*
*and then eternally*
*chew the cud of their innipid routine.*
*But I – I love to bound to the heart of all*
*Your marvels,*
*leap Your chasms,*
*and, my mouth stuffed with intoxicating grasses,*
*quiver with an adventurer's delight*
*on the summit of the world!*


**AMEN**
**C.B. DE GASZTOLD**

**Mev. Prinsloo**

# SPORTFOKUS








*IN DIE WIND?*

*WANTED*



*?*


*NET REG OM TE RY.*






*IAN? ELMA?*

*PASOP, EK KOM!*



*SING ONS, OF SING ONS NIE?*






TELEFOON: 2-0884
Tel. Ad.: GUNFIRE

POSBUS 102
310 KERKSTR.-OOS

GROENEVELD EN HICKS

(EDMS.) BPK.

**HANDELAARS IN WAPENS, AMMUNISIE EN VISGEREEDSKAP**

**IS VISVANG EN SKIET U LEWE?**
KOM DAN NA GROENEVELD EN HICKS (EDMS.) BPK. VIR DESKUNDIGE FLINKE EN VRIENDELIKE DIENS TEN ALLE TYE.


**ONS SPESIALISEER IN:**
- NUUTSTE GEWERE EN AMMUNISIE
- VISGEREI VIR DIE KIESKEURIGE HENGELAAR
- EN REPARASIES WAT DEUR DESKUNDIGES WAARGE= NEEM WORD.


AS U 'N BUITELUG MAN IS HOU ONS DAN IN GEDAGTE


*EN DIT WAS AAND EN DIT WAS MÔRE DIE VOLGENDE JAAR . . .*



# SPORTMAN VAN DIE JAAR




# HANNES POTGIETER

Dit is vir Stroom-op 'n aangename taak om die Affie wat as sportman van die jaar aangewys is, aan sy lesers bekend te stel. Dit was nie moeilik om te besluit dat die keuse op Johannes Theodorus Potgieter moes val nie. Sy merkwaardige skaatsprestasies het hom die aangewese kandidaat gemaak. Sy aanwysing was dan ook die bekroning van 'n reeks prestasies wat sover terug as 1970 begin het. In daardie jaar het hy die 0/11 N. Tvl en S.A. titel verower. In die daarop volgende jaar het hy diè prestasie herhaal.

## PRESTASIES

Gedurende 1972 het hy die Mans Primêre N.Tvl en S.A. titel inge palm. 'n Jaar later is die Mans Junior N.Tvl en S.A. titel tot sy reeks oorwinnings gevoeg. Net om te bewys dat hierdie vroeë suksesse nie gelukskote was nie, het Hannes die Mans Ope N.Tvl. en S.A. titel in 1975 verower. Dit het meegebring dat hy die toekenning ontvang het as skaatser van die jaar, 'n prestasie wat nog indrukwekkender gemaak is deur die toevoeging van die Sport Meriete Toekenning deur die Minister van Sport en Ontspanning, Sy Edele Dr. Piet Koornhof.

## BUITELAND

Hannes was egter nie te vrede met slegs Suid-Afrikaanse weivelde nie. In 1975 het hy sy skrede na die buiteland gewend om in Frankryk te gaan skaats om te wys waartoe 'n Affie in staat is. 'n Jaar later het hy na Duitsland gegaan. Hier het hy ook besonder goed gevaar. Terug in sy vaderland het hy in 1976 sy Springbokkleure verwerf. Hy het ook weggeskaats met die 1976 Mans Ope N. Tvl. en S.A. titel. As gevolg van hierdie prestasie is hy terselfdertyd aangewys as die skaatser van die jaar.

Wie is die merkwaardige Affie nou eintlik? Hannes is 'n Affie in murg en been, 'n egte Pretorianer. Hy is op 16/3/1959 gebore en het sy laerskool opleiding aan die Anton van Wouw skool geniet. Aanstaande jaar beoog hy om sy militêre opleiding by die S.A. Vloot te ondergaan, waarna hy na Pretoria wil terugkeer om hom in die Tandheelkunde te bekwaam.

Waaraan skryf die Affie sy sukses toe? Hy oefen by gimnasium vir ekstra fiksheid en het gesonde eetlus om die nodige energie op te bou om die strawe skaatsoefeninge die hoof te bied.

Voorwaar 'n merkwaardige Affie! Ons beste wense vergesel hom veral nadat ons 'n voëltjie hoor fluit het van 'n moontlike Internasionale Skaatskompetisie in die komende jaar.

## TWEEKAMP

Op Saterdag 9 Oktober 1976 het daar 'n interprovinsiale Tweekamp byeenkoms op Potchefstroom plaasgevind. In die N-Tvl. span was 4 Affies nl. Abel de Kock en Rudolph Pretorius in die A-span en Chris Slabbert en Paal Fourie in die B-span. Abel en Paal het in die 0/19 afdeling meegeding en Chris in die 0/17 afdeling en Rudolph in die 0/15 afdeling.

## RUDOLPH EN ABEL

Die dag het baie voorspoedig verloop vir die Affies en N-Tvl. want Rudolph het die 0/15 afdeling gewen en Abel was 2de in die 0/19 afdeling. Rudolph het nog boonop die hoogste punte totaal van diè dag behaal. Baie geluk Rudolph.

Daar was 13 spanne van provinsies regoor die land en N-Tvl A-span het die spankompetisie gewen en N-Tvl B-span was derde gewees. Dit was 'n moeë maar tevrede en gelukkige N-Tvl span wat van Potchefstroom af terug gekeer het en ongeveer om 8 nm. die aand nadat ons die oggend al 5 vm. by Hillcrest swembad moes rapportteer! Nogmaals baie geluk aan Abel en Rudolph wat hulle puik van hul taak gekwyt het. Voorspoed vir die toekoms!

**SHIRTIQUE**

* We specialize in fashion shirts & tops
* Special low prices.

**Shop 28, Kingsley's Markade**
**Tel. 44-9142**

# TENNIS '76

### TOER DEUR EUROPA

Soos in die ander belangrike sportsoorte wat by Affies aangebied word, het tennis vanjaar nie die hoogtepunte van die verlede bereik nie. Alhoewel ons nie die hoogste sport, die administrateursbeker verower het nie, het Affies se tennis vanjaar geskiedenis gemaak met die Europese toer.

Vir die eerste keer in Suid-Afrika se skole-tennis-geskiedenis, is 'n skool se tennisspan oorsee gestuur. 'n Selfs meer merkwaardige bereiking is die feit dat die span nie een wedstryd verloor het nie. Daar is teen die sterkste tennisskole in Engeland meegeding. Ons skool se 0/18 het slegs teen Engeland se 0/21 span verloor, maar as span is nie een wedstryd afgestaan nie.

Affies het vanjaar van die sterk tennis skole besoek ontvang. In die eerste termyn was Grey Kollege hier, maar ons het maklik gewen. In die 2de termyn het ons van 2 Pieter maritzburgse skole besoek ontvang. Alexandra High se skole span kon Affies nie wen nie, en Maritzburg College het ook teen ons verloor. Maar die tennis was lekker en die wedstryde het "tennis" goed gedoen.

In die 2de termyn is die skool se interne tenniskamtenniskampioenskappe gehou. Dit was tennis van hoogstaande gehalte en van die berugste wedstryde is tydens diè kompetisies beslis. Die uitslae is: Bo/15 Enkels – J. Duvenhage
0/15 Enkels – F. Sauer
Bo/15 Dubbels – P. Smit en I. Duvenhage
0/15 Dubbels – F.S. en Danie Visser

### ADMINISTRATEURSBEKER

G. Stoffberg het die beker vir die beste vordering

In die 2de termyn is 'n verteenwoordigende Noord-Transvaalse tennisspan gekies om teen Oos-Transvaal te speel. Sewe uit die agt lede was leerlinge van die Afrikaanse Hoër Seunskool. 'n Ewe uitmuntende prestasie is gelewer toe die amptelike Noord-Transvaalse span aangekondig is. Drie uit die vier lede sit tans op Affies se skoolbanke, en die vierde, Johan Kriek is 'n oud-leerling.

Vanaf 1973 het Affies die Transvaalse tennis oorheers. Vir drie jaar agtereenvolgens het ons dan die Administrateursbeker verwerf, maar vanjaar was dit nie die geval nie.

Ons het vanjaar aanvanklik goed gevaar in die toernooi. Nadat ons die Noord-Transvaalse ?????? gewen het, het Affies teen Oos-Transvaal uitgespeel, en gewen. In die finaal is ons geklop deur King Eduard Kollege van Johannesburg. Diè skool het laasjaar teen ons in die finaal verloor. Alhoewel ons skool nie die hoogste sport bereik het nie, het ons nogtans ongekende hoogtes vanjaar bereik. Maar Affies sal hard moet werk om weer die Administrateurs beker te verwerf.

**GINSBERG'S**

DIE FAMILIE WINKEL
VIR AL U
BENODIGHEDE

**Bronkhorststraat 219 Nu-Muckleneuk**
**Tel. 78-3211**

# ATLETIEK 1976


**Ons het vanjaar 'n baie suksesvolle seisoen agter die rug, en ons het dit grotendeels te danke aan die goeie gees wat onder ons geheers het. Die toer na Nelspruit het baie hiertoe bygedra en ons hoop dat daar weer in die toekoms sulke opwindende toere gereël sal word. Ons het dit terdeë geniet!**

Die seisoen van 1977 is reeds in volle swang. Vra maar al die atlete wat elke middag so getrou kom oefen, hoe lekker hard oefen hulle reeds. Al is daar party dae net 20 atlete wat opdaag vir oefening en al raak die afrigters party dae "kwaad", is ons tog reeds besig om vir ons doel te werk.

Ons wil baie dankie sê vir Elma Steyn wat atletiek kaptein van 1976 was. Vir alles wat sy vir ons gedoen het. Dankie vir die gees wat jy help opbou het. Ons sal die waatlemoenfees nie gou vergeet nie. As ons grappies gemaak het was jy aan die voorpunt maar as ons begin oefen het was jy altyd voor om die pas aan te gee. Baie dankie.

Ons wil ook dankie sê vir al die afrigters, vir wat hulle reeds gedoen het en vir wat hulle nog gaan doen. Ons hoop ons sal volgende jaar voortbou op die goeie gees en ook ons atletiekstandaard verder verhoog.

## *ABEL IN AKSIE*



# S.A. LANDLOOP


Drie van ons manne het die afgelope vakansie N-Tvl. verteenwoordig by die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe nl. Hennie van Staden en Rudolph Pretorius 0/15 en Paal Fourie 0/19.

Die kampioenskappe is op Potchefstroom gehou en N-Tvl. het baie goed gevaar.


In die 0/15 afdeling was die meeste deelnemers nl 125 en Hennie en Rudolph het onderskeidelik 39ste en 42ste geëindig.

In die 0/19 afdeling was daar 84 deelnemers en Paal het 38ste geëindig. Ons wil vir die drie manne sê baie geluk, julle het die vrugte gepluk van die jaar se harde oefening. Aan die wat nie die N-Tvl. span gehaal het nie, veral Chris Slabbert, wat baie ongelukkig was, sê ons: "Oefen nog harder en volgende jaar gaan julle ook vir N-Tvl. hardloop."

## *TERENCE JOU TIER*



# DIE GESKIEDENIS VAN SKAAK




**Oor die geskiedenis van die skaakspel is al baie geskryf, maar alhoewel dit nie honderdpersent bewys is nie, is die spel tog nie so oud as dikwels geglo word nie. Dit is heelwaarskynlik eers aan die einde van die sesde eeu na Christus in Indië uitgevind. Daarop dui ook die naam van die skaakspel in Sanskrit "Tschaturanga". Letterlik vertaal beteken dit "die vierdelige". Maar Tschaturanga is ook 'n naam van die ou Indiese leër wat uit vier dele, olifantestrydwaens, perde en voetsoldate, bestaan het. Dit beteken dus dat die uitvinder 'n geveg wou voorstel, en dit het hy ook reggekry.**


**Van Indië het die skaakspel na Persië gekom en toe die Arabiere Persië in die sewende eeu verower het, het hulle dit geleer. Dit lyk asof die Arabiere baie van hierdie spel gehou het, want dit was gou-gou baie populêr. Klaarblyklik was daar toe al uitstekende spelers en hulle het ook 'n groot belangstelling vir skaakprobleme en -teorie gekoester, want die Middeleeue is ryk aan Arabiese werke oor skaak. Omtrent die jaar 700 het dit die eerste groot verandering deurgemaak, nl. van die Indiese in die Arabiese vorm.**

**Van Arabië, in die jaar 800, het die skaakspel oor Noord-Afrika na Spanje gekom en in die elfde eeu was dit al orals in Europa bekend. Die bewering dat dit met die Kruistogte na Europa gekom het, is foutief. Ook in Europa was die spel gou baie populêr, miskien meer nog as vandag, en om redelik skaak te speel was in daardie dae 'n deel van die algemene beskawing.**

**Gedurende die vyftiende eeu het dit in Europa die belangrike verandering in die moderne vorm ondergaan.**

**Die grootste skaakspelers en skaakskrywers van die sestiende en sewentiende eeu was die Spanjaard Ruy Lopez en die Italianer Polerio en Greco. Gedurende die agtiende eeu en omtrent tot 1840 was Frankryk die leidende land op die gebied van skaak. Die Franse kampioen Andrè Danican Philodor (1726-1795) was 'n skaakgenie wat op alle gebiede sy tyd ver vooruit was. Vanaf 1830 tot 1840 is die Fransman De la Bourdonnaise met reg as die beste speler ter wêreld beskou.**

**1851 is 'n baie belangrike jaar in die geskiedenis van die skaakspel, want toe het die eerste internasionale skaaktoernooi in Londen plaasgevind. Dit is deur Anderssen, 'n Duitser, gewen. In 1886 het Steinitz van Oostenryk die eerste wêreldkampioen geword. Hy is in 1894 deur Lasker, 'n Duitser, opgevolg. In 1921 het die Kubaan Capablanca die titel gewen en in 1927 Alekhine, 'n Rus. 1935 het dr. Euwe die titel van hom verower, maar moes dit in 1937 weer aan Alekhine afstaan wat dit tot sy dood in 1946 behou het.**



**The Hungry Wolf Coffee Bar**
*We specialize in Hamburgers, Hotdogs and everything young people like*
**Kingsleys**
**Cnr/Beatrix &**
**Pretorius Strs.**
**Tel. 442326.**

**GLENFAIR**
**DRY CLEANERS FOR LAUNDRY AND SHOE REPAIRS**
**SANLAMSENTRUM**
**TEL: 474513**
*You phone and we call*

**Hatfield Gimnasium**
**Nedbank Forum**
**Burnettestraat Hatfield**
*1) Spesiale tariewe vir skoliere.*
*2) Vroeë oggend klasse.*
*3) Spesiale afslag vir sportsapnne*
**Billike tariewe**
**TEL 74-3568**

# GENIET DIE VAKANSIE!